e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 Mei 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 14

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Dienende gemeenskappe bring nuwe lewe

Die kerk het haar impak in die wêreld verloor, want die wêreld glo en beleef dat die kerk nie leef wat sy verkondig nie.

Ook in ons eie Kerk word baie tyd en energie aan ander sake as kerkwees bestee. Dit alles verlam net meer die Koninkryk van God in die wêreld. Dié toedrag van sake kan maklik tot moedeloosheid en toekomsloosheid lei. Gelukkig het 'n boek deur Mike Breen en Alex Absalom, *Launching missional communities*, weer vir my persoonlike bediening hoop gebring.

Daar het al dikwels in die geskiedenis oomblikke aangebreek waartydens dit duidelik geword het dat God die kerk in 'n sekere rigting stuur en iets baie spesifiek vir ons daardeur wil leer. Ons verstaan en herken sulke momente wanneer mense van regoor die wêreld heen, vanuit verskillende agtergronde, verskillende denominasies en affiliasies, verskillende sosio-ekonomiese statusse, almal – onafhanklik van mekaar – dieselfde ervaring blyk te deel. Dit is asof alle hindernisse wat ons normaalweg van mekaar sou weghou, op 'n misterieuse wyse afgebreek word, en mense wat op vele gebiede van mekaar verskil, skielik op 'n bepaalde kairosmoment saamstem oor één groot gedagte. Volgens Breen en Absalom lyk dit of die wêreld tans só 'n moment beleef.

Die term *missionale gemeenskap* het die afgelope tyd 'n nuwe gonswoord in die Christen-gemeenskap geword. Die interessante is egter dat baie min van diegene wat daaroor skryf en/of die term gebruik enige ervaring het van die praktiese plat op die aarde loodsing, vermenigvuldiging, groei en dissipelskapvorming van mense in en deur missionale gemeenskappe. Soos Thomas Rainer dit baie goed stel: *It seemed like there were a lot of thinkers who did not practise and a lot of practitioners who didn't think.*

Genoemde boek is egter nie net 'n praktiese gids rakende alles wat missionale gemeen-skappe aangaan nie, dit is ook geskryf deur mense wat die afgelope 15 jaar as pioniers van die betrokke beginsel opgetree het. Deur hul betrokke leierskap het meer missionale gemeenskappe wêreldwyd tot stand gekom as deur enigiemand anders.

'n Goeie voorbeeld is Mike Breen se St Thomas-gemeente in Sheffield, Engeland, waar die toepassing van missionale gemeenskappe eerste plaasgevind het. Dit is vandag een van die grootste kerke in Europa. Hul Crookes-kampus is een van die snelgroeiendste gemeentes in die wêreld – met 'n groeikoers van meer as 500% die afgelope vyf jaar. Gaan 'n mens op een van die groeptoere saam met die gemeente se missionale spanne, is een van die hoogtepunte van die drie uur lange toer deur die stad die talle missionale gemeenskappe wat oor die hele stad uitgewys word. Dit is absoluut buitegewoon.

Lees die boek, en jou bediening sal nooit weer onbevredigend wees nie!

Ds Johan Bester, Gemeente Meyerton

(Die boek *Launching missional communities* is verkrygbaar van amazon.com in Kindle en hardebandformaat. Die vooraflees van die boek sal die bywoning van vanjaar se Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante besonder betekenis-vol maak, aangesien ons tydens die VTT gaan besin oor hoe dienende gemeenskappe in die praktyk van elke gemeente se unieke konteks ge-vestig kan word.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Petri van Rooyen** van Joachim Prinsloo/Ruskoppies na Waterberg
- **Ds Stephan Botha** van Klerksdorp-Oos Môrester na die Klerksdorp-Oos Môrester/ Klerksdorp-Wilkoppies-kombinasie

Ds Petri van Rooyen

Ds Stephan Botha

Beroep aanvaar

- **Ds Stephan Botha** van Klerksdorp-Oos Môrester na die Klerksdorp-Oos Môrester/ Klerksdorp-Wilkoppies-kombinasie

Vakante standplaas

- **Gemeente Jeffreysbaai** beskik oor ’n vakante **deeltydse standplaas.** Die gemeente het ’n eie kerkgebou en pastorie, en bestaan uit ongeveer 190 belydende lidmate. Die bedieningsarea strek oor die hele Jeffreysbaai sowel as enkele aangrensende gebiede. Navrae kan aan die skriba van die gemeente, oudl Anita Jordaan, by 072 533 7725 gerig word.

  Enige belangstellende predikant of proponent kan ’n volledige CV **voor of op 31 Mei 2012** aan oudl Jordaan by **anitajordaan@telkomsa.net** stuur. Die Kerkraad behou egter die reg om nie noodwendig uit hierdie groep aansoekers ’n beroep uit te bring nie. Predikante wat intussen belang sou stel om preekbeurte in die gemeente waar te neem, kan oudl Jordaan ook kontak.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

- **Ds Johan van Staden** van Gemeente Sionspoort en sy vrou, Sheryl, het Maandag 7 Mei ’n babadogter ryker geword. Dit gaan goed met Sheryl en klein Jenna. Dit is die eerste pastoriebaba vir Sionspoort. Baie geluk!

- **Emeritusprof Piet van der Merwe** ondergaan op Dinsdag 15 Mei ’n operasie, en sy chemoterapie word drie weke later voortgesit. Ons wens hom en Riekie baie sterkte toe en bid dat hy volkome sal herstel.

- **Prof RD (Roelof) Coertze**, vroeër lidmaat en ouderling van Gemeente Pretoria-Oos, is op 8 Mei oorlede nadat hy vir enkele maande met kanker wat versprei het, moes worstel. Prof Coertze was ’n bekende volkekundige by UP. Tot sy dood het hy aan die voorbereiding van ’n voortreflike manuskrip met die titel *Godsdienste in Suid-Afrika* gewerk. Daar is egter nog nie ’n uitgewer gevind om die manuskrip in boekvorm te publiseer nie. Die begrafnisdiens is Vrydag 11 Mei om 11:00 vanuit Gemeente Pretoria-Oos, en word waargeneem deur prof Piet Geyser.

Prof Piet van der Merwe

Prof Roelof Coertze

- Die lede van die **Eendrachtkring** word herinner aan hul byeenkoms op **Donderdag 24 Mei** om 09:30 vir 10:00 by Déjà.vu Restourant, Annie Bothalaan 78, Riviera, Pretoria. Antwoord asseblief **op die laatste teen Maandag 21 Mei** by Johanna Steyn, 012 348 2932 of 082 749 3071, of Hendrien Naudé, 018 290 9460 of 083 722 3653.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind op **13 Julie** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word van die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van **betsie.brits@up.ac.za**. Die **sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 2 Julie.**

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK. Die gesin – 'n gemeente in die kleine.** Daar is 'n gesegde wat lui: Die huisgesin is 'n gemeente in die kleine. David Anderson kwalifiseer dit só: *Daar waar Christus deur die Gees teenwoordig is, daar is die huisgesin ook kerk*. Ouers, ons wil julle versoek om vanaand of môreoggend in jul stiltetyd baie mooi na te dink oor die volgende vrae:
  - Wat beteken die stelling dat ons huisgesin 'n gemeente in die kleine is?
  - Hoe kan ek my gesinslewe inrig om ooreen te stem met gemeentewees?
  - Wat moet ons opgee? Wat moet ons begin doen?

  Seënwense aan elke gesin!

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Almal word ook uitgenooi om die **naweek van 17-19 Augustus** aan die verrigtinge deel te neem. Dit sal 'n **dankdiens** op Vrydag 17 Augustus en 'n **basaar** die Saterdag insluit. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- Predikante wat kans sien om 'n Sondag in **Harare** te preek, word versoek om ds Theuns Botha te kontak by **camelhors@gmail.com** of tel 00263 777008324. Ds Botha hou een erediens per maand in Harare, en die gemeente wil graag meer predikante uitnooi om by hulle te kom preek. Predikante hoef **net die Sondag om 10:00** die erediens waar te neem. Indien die ring of gemeente nie die koste kan dra nie, is die gemeente bereid om daarmee te help. 'n Gemeentemotor is beskikbaar en huisvesting word gereël. Vliegkoste wissel maar beloop ongeveer R4 500 per besoek. Die gemeente het groot waardering vir die Kerk se hulp en bydraes in die verlede.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg: 25-jaar-viering vir ds Henk Joubert**
  Sondag 13 Mei tydens Nagmaal
  Met lede van Kommissie van die AKV
  en gaste van sy vorige gemeentes Dullstroom, Belfast en Tzaneen
  Navrae aan Annatjie Sandrock by 015 295 5464 of **nhkwelgelegen@gmail.com**

- **Gemeente Kruin: 25-jaar-viering vir ds Kobus Pienaar**
  Sondag 13 Mei
  Gelukwense deur oudl Pieter de Bruyn van die Kommissie van die AKV
  Navrae aan **nhkkruin@gmail.com**

- **Gemeente Ermelo-Suid: 25-jaar-viering vir ds Johan Bezuidenhout**
  Sondag 20 Mei
  Navrae aan **cjbezuidenhout@nhk.co.za**

- **Gemeente Newcastle: Erediens met Rina Hugo en die CSO**
  Sondag 20 Mei om 18:00
  hv Eaton- en Amielweg, Amielpark
  Toegang gratis, dankoffers sal opgeneem word ten bate van die CSO
  Navrae aan ds Hennie Louw by 084 508 7849

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 Mei, en word hartlik geluk gewens.** Baie geluk ook aan dr Fanie Pretorius wat op Woensdag 9 Mei verjaar het en nie in verlede week se uitgawe genoem is nie.

  - Donderdag 10 Mei: Di Frans Ras (Windhoek), Fanie Swanepoel (emeritus) en Gert van der Merwe (beroepafwagtend)
  - Vrydag 11 Mei: Ds Guillaume Rocher (Nigel) en dr Christo van der Merwe (UP)
  - Saterdag 12 Mei: Ds Buks van Heerden (emeritus)
  - Sondag 13 Mei: Drr Gerhard Lindeque (Midstream), Koos Prinsloo (emeritus), di Hennie Pretorius (Bothaville), Ockie van Schalkwyk (beroepafwagtend) en prof Ernest van Eck (UP)
  - Maandag 14 Mei: Di Willem Kok (Potchefstroom) en Pieter Uys (Brakpan)
  - Woensdag 16 Mei: Ds André Swanepoel (Vanderbijlpark-Suid)
  - Donderdag 17 Mei: Ds André Strauss (buiteland)
  - Vrydag 18 Mei: Prop Marissa Kidson (beroepafwagtend) en ds Stoffel Smit (emeritus)

Beplande vergaderings

- Vrydag 11 Mei: Kommissie van die AKV
- Saterdag 12 Mei: Kommissie van die ADV
  RDV Oos-Kaapland
  RDV Zuurfontein
- Dinsdag 15 Mei: Kuratorium
- Woensdag 16 Mei: Kinderhuise Finkom
- Vrydag 18 Mei: RDV Bloemfontein
- Saterdag 19 Mei: RDV Zoutpansberg

Ringsvergaderings 2012

RING	VERGADERPLEK	DATUMS	LID VAN KOMMISSIE
BLOEMFONTEIN	Petrusburg	18 en 19 Mei	Ds APJ Beukes
BOTHAVILLE	Viljoenskroon	2 Junie	Dr DJC van Wyk
BRAKPAN	Brakpan-Harmonie	3 Junie	Dr WA Dreyer
BRONKHORSTSPRUIT	Bronkhorstspruit	4 Junie	Oudl JA Oberholzer
CHRISSIESMEER	Piet Retief	5 Junie	Oudl FJ Paynter
DORSLAND	Otjiwarongo	8 en 9 Junie	Oudl PW de Bruyn
GERMISTON	Alberton-Wes	6 Mei	Oudl F Wilkens
HEIDELBERG	Greylingstad	12 Mei	Oudl DJ Lizamore
HEILBRON	Parys	9 Junie	Oudl P Bester
JOHANNESBURG	Nederlandssprekende gemeente	26 Mei	Oudl PW de Bruyn
KLERKSDORP	Declercqville	13 Mei	Dr DJC van Wyk
KROKODILRIVIER	Schoemansdal	7 Mei	Oudl JFP Engelbrecht
KRUGERSDORP	Krugersdorp	13 en 14 Mei	Dr GC Lindeque
LAEVELD	Letsitele	9 Junie	Dr GC Lindeque
LOSBERG	Losberg	9 Junie	Oudl DJ Lizamore

LYDENBURG	Komatipoort	8 Junie	Ds CEC Hertzog
MAQUASSI	Bloemhof	19 Junie	Dr DJC van Wyk
MIDDELBURG	Van Der Hoff	5 Junie	Ds CEC Hertzog
NOORDELIKE NATAL	Ladysmith	21 April	Dr JC van der Merwe
NOORDELIKE PTA	Wonderboom-Suid	18 en 19 Mei	Oudl P Bester
NOORD-KAAPLAND	Vryburg	5 Mei	Oudl FJ Paynter
OOS-KAAPLAND	Setlaars	12 Mei	Dr WA Dreyer
PIETERMARITZBURG	Empangeni	12 Mei	Oudl F Wilkens
POTCHEFSTROOM	Potchefstroom	6, 7 en 8 Mei	Ds L Geel
POTGIETERSRUS	Onverwacht	5 Mei	Mnr AE Struwig
PRETORIA	Rietvallei	13 tot 15 Mei	Oudl JA Oberholzer
PRETORIA-NOORD	Theresapark	3 Junie	Mnr AE Struwig
PRETORIA-WES	Swartkop	6 tot 8 Mei	Ds APJ Beukes
ROODEPOORT	Weltevreden	3 en 4 Junie	Oudl PW de Bruyn
RUSTENBURG	Rustenburg-Kloof	20 en 21 Mei	Dr FJ Labuschagne
SWELLENDAM	Outeniqua	19 Mei	Dr WA Dreyer
TRICHARDTSFONTEIN	Evander	6 Mei	Oudl WAJ van Schoor
VEREENIGING	Vereeniging	6 Mei	Oudl JA Oberholzer
WATERBERG	Naboomspruit	6 Junie	Oudl WAJ van Schoor
WES-KAAPLAND	Worcester	26 Mei	Ds L Geel
ZEERUST	Koster	19 Mei	Oudl JFP Engelbrecht
ZOUTPANSBERG	Dendron	12 Junie	Oudl JA Oberholzer
ZUURFONTEIN	Primrose-Oos	12 Mei	Dr JC van der Merwe

Kursusse en toerusting

- **Die RDV Noordelike Pretoria**
  Reistaskursus vir diakens en diensgroepwerkers
  Vrydag 25 Mei vanaf 19:00 en **Saterdag 26 Mei** vanaf 08:00
  By Gemeente Montana, Jan Bantjiesstraat
  Koste R100 per persoon
  Betalings aan RDV Noordelike Pretoria, ABSA Sinoville,
  tjekrekening 405 031 6934
  Navrae en besprekings by Daleen Smith (**dsmith@webmail.co.za**
  of 073 229 3814)
  of Esmé Taljaard (087 802 1109)

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  5 en 6 Junie, en **6 en 7 November**
  Tema: *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R320** per persoon
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, kontak mev Betsie Brits **voor 18 Mei**
  Hierdie datum is uiters belangrik, veral ook vir reëlings met spyseniers!
  E-pos **betsie.brits@up.ac.za** of faks 012 420 4303
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05;
  verwysing 2013K VTT (gevolg deur naam van kursusganger)

Beskikbare behuising

- **Behuising vir senior burgers:** Kom geniet ’n rustige aftrede op die platteland
  Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys
  - 3 kamers met gedeelde geriewe – bejaardes moet gesond en selfversorgend wees
  - 2 beddens in 4-bed-kamer met 24-uur-versorging vir verswakte bejaardes

  Kontak matrone Botha by 056 811 2185

Konserte en feeste

- **Vrydag 11 Mei om 19:00: Gemeente Alberton**
  Fondsinsameling vir die jeug
  Snotkop tree op by Albertonse Sokkerklub
  Hekke open om 17:00
  R80 per persoon, kos en koeldrank beskikbaar
  Kontak Pieter by 082 332 4252, Neline by 072 520 5878
  of ds Tiaan by 073 529 1538

- **Saterdag 19 Mei 09:00 vir 09:30: Gemeente Theresapark**
  Teemaaltyd met ’n hoed (*high tea*)
  Kom geniet **Elmien Botha** se *Hallo Eva, my naam is Vrou*
  Daarna **Albert de Wet** se sang
  Hoërskool Gerrit Maritz se skoolsaal
  R100 per persoon
  Kom deel in ‘n vrolike en stylvolle oggend!
  Navrae na 012 542 3568 / 084 780 7326 / 082 460 6279

- **Saterdag 19 Mei: Gemeente Mafeking**
  Kom bederf jou geliefde met ’n ete, Afrikaanse gaskunstenaar
  en die breek van ’n paar borde!
  Yoti, die Griekse boertjie
  In die Motorklub te Mahikeng
  R150 per persoon (R75 per kind)
  Navrae aan ds Annelie Botha by 082 650 3494
  of Josy Scholtz by 083 409 3600

- **Sondag 3 Junie om 15:00: Gemeente Nelspruit**
  Songs of Praise
  Met Richard Cock
  Kerkgebou, Belladonnastraat 120, Nelspruit
  Toegang R75
  Bespreek by kerkkantoor (013 741 1455), kaartjies ook by deur beskikbaar
  Navrae by 082 460 8252

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

- **VAKANSIE IN DIE LAEVELD**
  Sudwala Lodge naby Sudwala-grotte
  Ontsnap van die koue en ontspan in die Laeveld
  Vir die week 15 tot 22 Junie 2012 (4 mense)
  Fasiliteite soos visvang, perdry, tennis, muurbal, swembad, spa, ens
  Koste R3 500
  Skakel Dienie by 083 963 5455

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2012
  Kaartjies R50
  Wen een van 3 groot pryse

Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
Prys 3: iPad ter waarde van R6 500
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**
  40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid

  30 Junie Pretoria
  1 Julie Kempton Park
  2 Julie Drie Riviere
  3 Julie Vanderbijlpark
  4 Julie Sasolburg
  5 Julie Parys
  6 Julie Toernaweek
  9 Julie Welkom
  10 Julie Wolmaransstad
  11 Julie Klerksdorp
  12 Julie Potchefstroom
  13 Julie Krugersdorp
  14 Julie Pretoria

  Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?
  Kontak Fanie Willers (toerleier): **fanie.willers@gmail.com** of 072 494 8735
  Lizaan Britz (ondertoerleier/bemarking): **lizaanbritz8@gmail.com**
  of 076 315 4218
  E-pos: **philadelphia@nhk.co.za**. Webwerf: **www.philadelphia.co.za**

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
  Kaartjies R100 donasie
  1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
  2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
  3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
  Geweerjag kan gereël word
  of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
  Pryse verval op 30 September 2012
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

Basaars en markte

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  Basaar en kontantfondsinsameling
  Kaartjieverkope met pryse te wen
  Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
  en kry laaste 5 kaartjies gratis
  Trekking 25 Mei tydens basaar
  1ste prys: R10 000 kontant

2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of ’n slagskaap
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

- **Saterdag 26 Mei: Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort**
  Basaar
  Kunstenaars Gert van Tonder, Dozi, Karlien van Jaarsveld en Bok van Blerk
  Hope kosstalletjies
  Kontak Mientjie by 012 253 0146 of 083 536 1530

- **Saterdag 26 Mei: Gemeente Lichtenburg: Skrik-vir-niks-oesfees**
  Vanaf 08:30
  Gaskunstenaar Karen Ferreira
  Tombola vir kinders, skyfskiet, glybaan, springkasteel en klimmuur
  Veiling van pragstukke, plaasstalletjie, ontbytstalletjies, kwaliteitvleis
  Kompetisie met pryse: R15 000; vakansie vir 5 in Margate; platskerm-TV; naweek by Chimera Lodge; PVR-dekodeerder; en ’n verrassing!
  Kaartjies @ R20
  Navrae aan Du Toit van der Westhuizen by 082 877 6749
  Willie Manders by 018 632 4830 of **williemanders@arestan.co.za**
  Ds Gerrie Senekal by 082 576 1141, 018 632 2658 of **gcsenekal@nhk.co.za**

- **Vrydag 1 Junie: Gemeente Coligny: Winterfees**
  Gaskunstenaar Jesse Ackerman – kom sing karaoke saam en wen
  Hoëgehaltevleis teen uiters billike pryse
  Kaiings, pannekoek, hamburgers, nagereg, tuisgebak...
  Tombola, skyfskiet, kunsmark, kweekstalletjie, snoepie, roerbraai, skaappot...
  Springkasteel vir die jonges
  Heelwat pryse te wen – pragtige troupop, tafelnet, geslypte diamant...
  Die aand modeparade met ons eie modelle en gasmodelle
  Navrae aan **jsjordaan@telkomsa.net**

ANDER NUUS

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir **gekwalifiseerde maatskaplike werkers** by:
  - Brakpan
  - Nylstroom
  - Pretoria
  - Vanderbijlpark

  By die Lydenburg-kantoor:
  - 2/8ste sekretariële pos vir persoon wat rekenaarvaardig is
  - Pos vir Afrikaanssprekende hulpmaatskaplikewerker met geldige rybewys en wat by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer is

  Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**
  15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)
  Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer
  Akademici wat seminare wil aanbied, moet konsepte **voor 31 Mei** voorlê
  Navrae oor voorleggings aan dr Victor E d’Assonville by **vieddas@yahoo.de**
  of ds HH van Alten by **hhvanalten@vgkmaranata.org.za**
  Kontak ds Van Alten ook per e-pos of by 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**.

  Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies; ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287; Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

AGTERBLAD

'n Ragfyn netwerk van genadegawes

Die Junie 2012-uitgawe (Pinksteruitgawe) van *Konteks* is by die drukkers en sal teen die einde van aanstaande week aan gemeentes gepos word.

Die buitebladbeeld vertel van 'n fyn netwerk – 'n lewe van huiwering en verwondering oor die werk van die Heilige Gees.

Doen verder Bybelstudie aan die hand van 1 Petrus, luister na die leringe van Franciskus van Assisi, hoor die verhaal van hoop van Gemeente Vanderbijlpark-Suid, maak kennis met die gemeentes in die ring van Middelburg, en lees oor 2012 se Boom van die Jaar.

*** U kan steeds vir 2012 inteken en 10 uitgawes teen R140 ontvang. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**. Besoek die webblad **www.konteks.co.za** en lees elke keer wat in die nuutste beskikbare uitgawe verskyn. Gemeentes kan gerus ook oorweeg om namens hul bejaardes in te teken en so 'n besondere liefdesdiens te lewer.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx